# HOOFSTUK 9
# HULPDIENSTE AAN SKOLE VIR BLINDES

## 9.1 INLEIDING

In die onderhawige hoofstuk sal drie soorte hulpdienste wat aan skole vir blindes funksioneer, bespreek word. In die eerste plek sal die Sielkundige en Voorligtingsdiens* aan die orde gestel word. Vervolgens sal onderwyshulpmiddeldienste bespreek word. Die voorsiening van literatuur in braille en op band, asook die vervaardiging van addisionele onderwyshulpmiddels sal in die blikpunt gestel word. Ten slotte sal noodsaaklike mediese en paramediese dienste wat tot die beskikking van blinde leerlinge gestel word, aangesny word.

## 9.2 SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENSTE AAN SKOLE VIR BLINDES

### 9.2.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Die aard en wese van 'n doeltreffende Sielkundige en Voorlig=tingsdiens aan skole vir blindes is prinsipieel dieselfde as dié aan skole vir normaalsiende kinders, aangesien dieselfde doel=stellinge nagestreef word en wat primêr daarop gerig is om die doel met die onderwysprogram te help verwesenlik. Waar verskille tussen die stelsel vir normaalsiendes en dié vir gesigsgestremdes wel sal manifesteer, is in die benaderingswyse ten aansien van hulpverlening, aangesien die besondere probleemsituasie van die blinde kind - sy moontlikhede en beperkthede in die lig van die lewenswerklikheid waarop hy voorberei word - in ag geneem moet word.

---

*Die benaming "Sielkundige en Voorligtingsdiens" word aan skole vir blindes in die RSA gebruik.

In hierdie afdeling van die onderhawige hoofstuk sal gepoog word om eerstens 'n beeld van 'n ideële sielkundige en voorligtingstel=sel te skets. Vervolgens sal die Sielkundige en Voorligtingsdien=ste aan skole vir blindes in die RSA bespreek word. Daarna sal ingegaan word op enkele aspekte van sielkundige en skoolvoorlig=tingsdienste ten behoewe van blindes in sekere oorsese lande.

## 9.2.2 DIE AARD EN WESE VAN 'N DOELTREFFENDE SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENS

### 9.2.2.1 Die doel met 'n sielkundige en voorligtingsdiens

Die doel met 'n sielkundige en voorligtingsdiens is om leerlinge in die lig van hul persoonstruktuur ten aansien van onderwys- en beroepsaangeleenthede voor te lig. Hierdie voorligting is daarop toegespits om te verseker dat leerlinge ooreenkomstig hul bekwaam=heid, aanleg en belangstelling en die mannekragbehoeftes van die land onderwys sal ontvang. Dit is dus die taak van die voorlig=tingsdiens om te verseker dat die onderwysstelsel doeltreffend funksioneer. Die jeugdige word gehelp om hom in die lig van sy persoonstruktuur te oriënteer ten opsigte van onderwys- en beroeps=aangeleenthede - om tot insig in die eie situasie te kom'(RGN, 1970a, p. 192, vgl. Hinsie en Schatzky, 1954, p. 389).

### 9.2.2.2 Die kenmerke van 'n sielkundige en voorligtingsdiens

'n Sielkundige en voorligtingsdiens moet aan die volgende vereis=tes voldoen:

a. In die eerste plek moet 'n voorligtingsdiens 'n *opvoedkundige hulpdiens* wees. Die kind moet as persoon in sy totaliteit ge=sien word, in welke geval hy as liggaamlike, psigiese en as geestelike wese erken word. Afgesien van die moontlikhede (bekwaamhede) waaroor 'n kind mag beskik, moet hy ook erken

word as 'n persoon gemoeid met waardes wat vry is om 'n keuse uit te oefen.

b. Afgesien van direkte hulpverlening aan kinders, moet ook die *onderwyser en die ouer* met raad bedien word aangaande onder= wys- en beroepsaangeleenthede sodat die kind verder bevoor= deel kan word.

c. 'n Voorligtingsdiens is 'n *gespesialiseerde diens* wat deur ge= spesialiseerde persone behartig word. Hierdie diens omvat die volgende aspekte:

1. Inligtende diens;
2. raadgewende diens;
3. pedo-diagnoseringsdiens;
4. pedo-terapeutiese diens, en
5. voorkomende diens.

d. *Alle leerlinge* moet by die voorligtingsprogram betrek word, dit wil sê nie slegs dié wat sekere probleme ondervind nie.

e. Ten slotte moet die kind gehelp word om binne die werklikheid van die lewe *sy plek te bepaal.* Hierdie insig wat hy in sy eie situasie moet verwerf, is op selfkennis en op kennis van die lewenswerklikheid gebaseer (Spies, 1970, pp. 40-41).

### 9.2.2.3 'n Program vir 'n doeltreffende sielkundige en voorligtingsdiens

#### a. Onderwys-, beroeps- en persoonstruktuurvoorlig= ting

Hierdie drie terreine is geheel en al geïntegreerd as die voorlig= ligtingsdiens en die een impliseer en steun op die ander.

Met *onderwysvoorligting* word bedoel die pedagogies-georiënteerde voorligting ten aansien van onder andere leerprobleme, 'n keuse

van vakke, studierigtings, skole of inrigtings, asook voorlig= ting met betrekking tot die aanleer van die beste studiemetodes. Onderwysvoorligting kan dus sowel inligtend as terapeuties van aard wees.

*Beroepsvoorligting* geskied ten aansien van beroepskeuse-aange= leenthede en kan voorkomend, inligtend en terapeuties van aard wees. By wyse van beroepsvoorligting word die leerling gehelp tot verwerwing van insig in en tot standpuntinname teenoor sy eie toekomstige beroepsituasie (vgl. Landman, 1961, p. 4).

Deur *persoonstruktuurvoorligting* word die leerling gehelp tot insig in en aanvaarding van sy eie moontlikhede en beperkthede en tot 'n verantwoorde implementering van sy moontlikhede en 'n ver= werking van sy beperkthede (Spies, 1970, pp. 38 en 39).

### b. Die inligtende, raadgewende, beslissende en ver= wysende aspekte van die voorligtingsdiens

Met die *inligtende aspek* word hoofsaaklik verwys na die verskaf= fing van feitekennis aan die jeugdige. Ten aansien van onderwys= aangeleenthede word inligting aangaande leermetodes, lees-, reke= ne- en ander leerprobleme, vak- en kursuskeuse verskaf. Wat be= tref beroepsaangeleenthede word inligting aangaande onder andere beroepsontleding en die verband tussen die eise van 'n beroep en die persoonstruktuur verskaf. Deur inligting aangaande die per= soonstruktuur word die leerling tot selfkennis en sodoende tot selfaanvaarding gehelp.

Die *raadgewende aspek* is daarop gerig om leerlinge te help om uiteindelik self, dit wil sê op eie verantwoordelikheid, beslis= sings te maak en geskied veral in indiwiduele verband. Die raad= gewende aspek vereis die volgende handelinge:

1. Die insameling van agtergrondgegewens en psigometriese

gegewens. Die skoolvoorligter bring die psigometriese en ag= tergrondgegewens met mekaar in verband om sodoende 'n volledige persoonsbeeld van die leerling saam te stel.

2. Die interpretasie van die persoonsbeeld van die leerling en raadgewing aan die leerling om hom tot insig in sy situasie te help.

3. Afhangende van die skoolvoorligter se bevindinge mag dit nodig wees om ôf verhelpend op te tree, dit wil sê om te voor= kom dat een of ander probleem of uitval 'n permanente karakter aanneem; ôf herstellend op te tree in gevalle waar sekere probleme in die weg van die leerling se oriëntasie staan; ôf verwysend op te tree en sodoende sorg te dra dat die leerling vir hoogsgespesialiseerde diagnosering en terapie verwys word.

Die *beslissende aspek* van die skoolvoorligtingsdiens impliseer dat die leerling tot die besef gebring word dat hy verplig is om self sekere beslissings te waag en om hierdie beslissings op eie ver= antwoordelikheid te verwerklik (RGN, 1970a, pp. 196-200).

### 9.2.3 DIE SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENS AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

#### 9.2.3.1 Die toekenning van onderwysersielkundiges*

Die toekenning van onderwysersielkundiges aan skole deur die De= partement van Nasionale Opvoeding geskied onafhanklik van dié van onderwyspersoneel en wel soos volg: Tot en met 109 leerlinge is die skool op een onderwysersielkundige geregtig en sodra die leer= lingtal 110 bereik, word 'n tweede pos toegeken.

---

*Aan skole vir blindes word die term "onderwysersielkundige" gebruik in verwysing na skoolvoorligters.

In 1974 was daar drie poste vir onderwysersielkundiges aan die Skool vir Blindes te Worcester. 'n Derde pos is aan hierdie skool toegeken deur afsonderlike toekennings aan die Afdeling vir Blindes en die Afdeling vir Swaksiendes. Hierdie 3 persone was vir voorligting en hulpverlening aan 141 blinde, 88 swaksien=de en 12 doofblinde leerlinge verantwoordelik. Aan die Prinshof=skool was daar twee onderwysersielkundiges verbonde wat afgesien van die swaksiende leerlinge, ook vir die kleiner groepie blinde leerlinge (tot en met graad 2) verantwoordelikheid aanvaar het (kyk bylae A, v. 3.1 (c) en 3.4).

9.2.3.2 Kwalifikasies van onderwysersielkundiges

Die Departement van Nasionale Opvoeding het sekere minimum kwali=fikasies vir 'n inspekteursielkundige (aan hoofkantoor verbonde), vise-hoof (sielkundige) en onderwysersielkundige neergelê. Die minimum akademiese en professionele kwalifikasie wat vir aanstel=ling in enige van hierdie poste vereis word, is dieselfde, naamlik 'n M.A.-graad in Sielkunde *of* 'n B.A. (hons).-graad in Sielkunde en 'n onderwysersdiploma. Vir aanstelling as 'n onderwyseressiel=kundige is 'n onderwysersdiploma en 'n baccalaureusgraad met Siel=kunde as hoofvak of slegs 'n honneursgraad in Sielkunde die ver=eiste (Visser, 1970, p. 104). By hierdie minimum vereistes kan nie altyd gehou word nie, aangesien aanstellings noodwendig gedoen moet word uit aansoeke wat ontvang is.

Uit die voorafgaande uiteensetting van vereiste kwalifikasies blyk dat besondere klem op onderlegdheid in Sielkunde gelê word. Indien 'n manlike kandidaat oor 'n M.A.-graad en 'n vroulike kandidaat oor 'n honneursgraad in Sielkunde beskik, word selfs die verwerwing van 'n onderwysersdiploma nie as vereiste gestel nie. Waar dit die taak van die onderwysersielkundige is om deur raadgewende, pedo=diagnoserings, pedoterapeutiese en voorkomende optrede (kyk

9.2.2.2 c) die doel met die opvoeding, naamlik die heenleiding van die nie-volwasse na volwaardige volwassenheid na te streef, is dit essensieel dat hy ook as opvoedkundige geskoold sal wees. In hierdie verband word verwys na die aanbevelings insake die oplei= ding van skoolvoorligters deur die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting (1970):

> *"Die opleidingsprogram moet voorsiening maak dat skoolvoorlig= ters gevorderde studie in Skoolvoorligting moet deurloop. So 'n opleidingsprogram moet voorsiening maak vir 'n universi= teitsgraad (B.-graad) in skoolvoorligting met Opvoedkundige Sielkunde, Filosofie van die Opvoeding, Didaktiek, Sosiale Pedagogiek, Onderwysorganisasie en -administrasie, Skoolvoor= ligting, Kliniese Kindersielkunde as vakke met spesialisering in Skoolvoorligting (wat ook die gebruik van sielkundige en skolastiese toetse insluit) op die Magistergraadvlak. Om die skoolvoorligter ten volle gespesialiseerd in sy vak te maak, moet die opleidingsprogram voorsiening maak vir praktiese op= leiding onder toesig van ervare en bekwame skoolvoorligters"* (RGN, 1970a, p. 206).

### 9.2.3.3 Die omvang van die Sielkundige en Voorligtings= diens

### a. Die Skool vir Blindes te Worcester

Die onderwysersielkundiges doen pedodiagnosering en verskaf indiwi= duele hulpverlening ten aansien van persoonstruktuurprobleme; in= diwiduele remediërende onderrig word gegee; spelterapie word toe= gepas en voorligting ten aansien van vak-, studierigting- en be= roepskeuse word aangebied. Onderwysersielkundiges gee ook deeltyd= se klasonderrig en tree adviserend op teenoor die skoolhoof, onder= wys- en koshuispersoneel wanneer dit in belang van die leerling verlang word. Voorts word volledige persoonsbeelde van leerlinge

saamgestel. Die volgende verslae word bygehou, naamlik 'n kumu= latiewe verslagkaart, 'n vertroulike verslagkaart, 'n algemene vorderingsverslag en 'n kliniese verslag. Informasie ten aansien van onder andere die volgende aspekte word aangeteken: Vorige skoolgeskiedenis; evaluering van gesigsgebrek; familiegeskiede= nis; fisiese toestand en mediese geskiedenis; skolastiese pres= tasies; intellektuele en emosionele ontplooiing; sosialisering; ander psigometriese gegewens; buitemuurse aktiwiteite; belang= stelling en stokperdjies; ouer-kindverhouding en huislike omstan= dighede, en beroepskeuse en -voorkeure (Suid-Afrika, 1970b, p. 48; bylae A, v. 6.1 en 6.6).

Die volgende toetse en vraelyste word gebruik om psigometriese gegewens te bekom.

1. Intelligensietoetse

   (a) Die ou Indiwiduele Skaal (Fick-skaal) soos deur J. Horn aangepas vir blindes

   Hierdie toets is nie in sy aangepaste vorm gestandaardi= seer nie. Alle leerlinge word onder andere met behulp van hierdie toets geëvalueer.

   (b) Die Nuwe Suid-Afrikaanse Indiwiduele Skaal (NSAIS)

   Vir die blinde leerlinge word alleen die verbale gedeelte gebruik. Aangesien hierdie toetse nie op gestandaardi= seerde wyse afgeneem word nie, word die resultate alleen= lik in die skool gebruik.

   (c) Die Wechsler-Bellevue-Intelligensietoets vir Volwassenes

   Hierdie intelligensieskaal word bykomstig by die ander

toetse op leerlinge bo agtienjarige ouderdom toegepas. Dieselfde opmerkings as dié met betrekking tot die ge=bruik van die NSAIS geld ook hier.

### (d) Die Alexander Performance Scale vir die evaluering van praktiese redeneervermoë

Hierdie evalueringskaal word hoofsaaklik op swaksiende leerlinge toegepas. Subtoets 1 (Passalong) is voorlopig vir blindes aangepas, maar geen norms is daarvoor beskik=baar nie en alleen die routellings kan vergelykenderwys gebruik word.

### (e) Die Snijders-Oomen Nie-Verbale Intelligen=sieskaal

Hierdie toets word op dié leerlinge in die Afdeling vir Doofblindes wat nog oor 'n mate van gesig beskik, toege=pas.

### (f) Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groep-Intelligen=sieskaal (NSAG)

Die Intermediêre Reeks in vergrote druk word op swaksien=de leerlinge toegepas ter bevestiging van tellings wat op die indiwiduele skale verkry is. Ook hierdie verkreë gegewens word slegs intern gebruik aangesien die toets nie in sy gestandaardiseerde vorm toegepas word nie.

### (g) Die Ohwaki-Kohs Tactile Block Design Intel=ligence Test for the Blind

Hierdie toets word op blinde kinders van sesjarige ouder=dom toegepas. Die toepassing van die toets is 'n poging om nie-verbale intelligensie te probeer bepaal.

## 2. Skolastiese toetse

Die volgende toetse van die eertydse Nasionale Buro vir Op=voedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) word gebruik:

(a) Die Hersiene Uitgawe van die Stilleestoets (gewone druk).

(b) Rekenkunde-toetse - veral die grondreëls (groot- en ge=wone druk).

(c) Diagnostiese Rekenkundetoetse (gewone druk).

(d) Spellingtoetse (braille en gewone druk).

## 3. Handvaardigheidstoetse

Die volgende toetse is vir blindes aangepas:

(a) Pennsylvania Bi-manual Worksample Test.

(b) Minnesota Rate of Manipulation Test.

(c) Dual Hand Dexterity Test (marble dropping).

(d) Small Parts Assembly Test.

## 4. Belangstellingsvraelyste

Die volgende vraelyste word gebruik, maar is nie spesiaal vir blindes aangepas nie:

(a) Die C.V. Belangstellingsvraelys.

(b) Die Verkorte Belangstellingsvraelys.

(c) Die Voorkeurontledingsvraelys (opgestel deur die Nasio=nale Instituut vir Personeelnavorsing).

## 5. Aanpassingsvraelyste

Die volgende vraelyste word gebruik, maar is nie spesiaal

vir gesigsgestremde kinders aangepas nie:

(a) Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Na=vorsing se Aanpassingsvraelys.

(b) Die IPAT-Angskaal.

(c) Die Vineland-skaal vir Sosiale Rypheid.

6. Ander toetse

(a) Die Dvorine-toets vir kleurblindheid.

(b) Die Roughness Discrimination Test. Hierdie is 'n toets vir die bepaling van tasonderskeidingsvermoë en braille=leesgereedheid.

(c) Die Optiese Vingerpletismograaf vir die evaluering van emosionele spanning en labiliteit (Suid-Afrika, 1970b, pp. 75-78; kyk bylae A, v. 6.7 en 6.9).

## b. Die Prinshofskool

Ook aan die Prinshofskool bestaan 'n omvattende Sielkundige en Voorligtingsdiens. Aangesien hierdie skool slegs tot op graad 2-vlak vir blinde leerlinge voorsiening maak, is die diens hoofsaak=lik op hulpverlening aan die swaksiende kind toegespits. Wat be=tref die blinde kind, is die diens hoofsaaklik op sy sosiale oriëntering ingestel.

Die onderwysersielkundiges maak onder andere gebruik van 'n ry=pingsvraelys vir blinde kinders in die ouderdomsgroep 6 maande tot 6 jaar. Hierdie vraelys evalueer taalverwerwing, en persoons- en sosiale ontplooiing, asook motoriese ontwikkeling. Dit is ge=baseer op die Developmental Scale for Infants and Young Children wat deur Mary Sheridan daargestel en deur C.G. Hiner in Engeland vir blindes aangepas is. Hoewel hierdie vraelys nie gestandaar=

diseer is nie, word dit as 'n goeie maatstaf vir die vergelyking van die ontplooiing van blinde en normaalsiende kinders van die= selfde ouderdom beskou.

Die taak van onderwysersielkundiges kan verder soos volg saamge= vat word: Hulle is verantwoordelik vir psigologiese en skolastiese diagnosering en die ontplooiingsgeskiedenis van elke kind word op lêer gehou. Voorts word onderwysersielkundiges betrek wanneer probleme met leerlinge in die koshuise ondervind word, byvoorbeeld met leerlinge wat hul nie ten aansien van die koshuislewe kan oriënteer nie en waar gevalle van onder andere vereensaming, ag= gressiwiteit en oormatige afhanklikheid deskundige hulpverlening vereis. Formele skakeling tussen onderwysersielkundiges, onderwys- en koshuispersoneel word deur middel van groepsamesprekings be= werkstellig (kyk bylae A, v. 6.1, 6.7 en 6.9; Suid-Afrika, 1970b, pp. 70, 71, 78, 79).

## c. Slotopmerkings

Die omvang van die Sielkundige en Voorligtingsdiens aan die Skool vir Blindes te Worcester, en in besonder die pogings om 'n beeld van die "totale kind" op te bou, is indrukwekkend. Alhoewel ver= skillende skolastiese en psigometriese toetse aan die skool beskik= baar is en gebruik word, is daar uiters min wat werklik met ver= troue ingeskakel kan word, aangesien heelwat hiervan nie vir blin= des aangepas is nie; dié wat wel aangepas is, nie in hul aange= paste vorm gestandaardiseer is nie, en heelwat nie op gestandaar= diseerde wyse afgeneem kan word nie. In sommige gevalle word slegs van dié gedeeltes van toetse wat verbaal afgeneem kan word, gebruik gemaak. Ten spyte van hierdie tekortkominge is dié toet= se wat gebruik word wel van waarde aangesien deur die inskakeling daarvan meer van die moontlikhede en beperkthede van die blinde kind te wete gekom kan word.

Die Komitee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onderwysgeriewe vir Blanke Blindes (1970b) het onder andere ook gewys op die te= kortkominge van toetse vir toepassing op gesigsgestremdes (p. 81). Volgens die notule van 'n vergadering gehou op 11 Augustus 1971 waarop die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes en die Departement van Arbeid verteenwoordig was, is die RGN genader om toetse vir die evaluering van gesigsgestremdes te ontwerp en is daar soos volg besluit: *"Nadat die moontlikheid daarvan ondersoek is, sal eer= stens voortgegaan word met die aanpassing van die Nuwe Suid-Afrikaanse Indiwiduele Skaal (NSAIS) vir gebruik met swaksiendes deur die Departement van Arbeid sowel as deur skole vir swaksien= des. Daar sal gepoog word om die toets op so 'n wyse aan te pas dat dit waar enigsins moontlik, ook met blindes gebruik kan word. Dit geld ook vir al die ander toetse wat in die vooruitsig gestel word. Verder sal gepoog word om toetse so aan te pas dat dit waar moontlik ook in groepsverband toegepas kan word. Die volg= orde waarin toetse opgestel of aangepas moet word, is:*
*(a) 'n Intelligensietoets (NSAIS); (b) 'n Aanlegtoets;*
*(c) 'n Persoonlikheidstoets"* (RGN, 1971).

### 9.2.3.4 Die funksionering van die Sielkundige en Voor= ligtingsdiens

Waar die Prinshofskool slegs tot op graad 2-vlak vir blindes voor= siening maak, sal die wyse waarop die Sielkundige en Voorligtings= diens in besonder aan die Skool vir Blindes funksioneer, nou aan die orde gestel word.

#### a. Hulpverlening in indiwiduele verband

Aan die Skool vir Blindes bestaan nie spesifieke voorligtings= periodes nie. Leerlinge word hoofsaaklik in indiwiduele verband

by die voorligtingsprogram ingeskakel. Daar bestaan onder andere 'n program waarvolgens die kleiner kinders van die speelkamer wat aan die Sielkundige en Voorligtingsafdeling verbonde is, gebruik mag maak en dië lokaal word vir beide diagnoserings- en terapeu= tiese doeleindes gebruik. Die *voorligtingsituasie as pedagogiese situasie* kom dan ook in 'n groot mate tereg.

### b. Hulpverlening deur onderwys- en koshuispersoneel

Afgesien van die werksaamhede van onderwysersielkundiges, word onderwys- en koshuispersoneel van die Skool vir Blindes ook by die voorligtingstaak betrek. Dit is onder andere die taak van hierdie personeellede om, indien dit nodig blyk, leerlinge na onderwysersielkundiges te verwys, persoonlike inligting aangaande leerlinge te verstrek en met voorligting aangaande doeltreffende studiemetodes behulpsaam te wees. Daar word dan ook gepoog om deur middel van samesprekings *skakeling* te bewerkstellig tussen belanghebbende personeel ten aansien van die hulpverlenende en adviserende funksies wat vervul moet word.

### c. Die voorkomende aspek van voorligting

Die voorkomende aspek van voorligting, dit wil sê pogings om te verhoed dat 'n aanvanklike probleem of uitval op die terrein van veral onderwys- en persoonstruktuuraangeleenthede permanensie verkry, kom in 'n besonder mate tereg. Die sukses wat in hierdie verband behaal word, kan onder andere aan die volgende redes toe= geskryf word.

1. Onderwysersielkundiges is in die geleentheid om elke leerling minstens een keer per jaar op persoonlike grondslag te ontmoet, probleme te bespreek en hulp te verleen.

2. Onderwys- en koshuispersoneel is gerig op die hulpverle= nende en verwysende taak wat hulle moet vervul en daar bestaan

doeltreffende skakeling tussen onderwysersielkundiges, onder=
wyspersoneel en koshuispersoneel.

3. Personeellede ken elke kind besonder goed, aangesien die klasgroepe relatief klein is (kyk tabel 4.1), daar in 'n resi=densiële skool voortdurend skakeling tussen personeel en leer=linge is en daar nie baie personeelverwisseling is nie (kyk 8.6.1).

## d. Remediërende onderrig

Onderwysersielkundiges word ingeskakel vir die diagnosering van probleme met betrekking tot die denk- en leergebeure en is soms ook vir indiwiduele remediërende onderrig verantwoordelik. Daar bestaan egter ook Aanpassingsklasse vir blinde leerlinge met 'n skolastiese agterstand en/of ander leerprobleme waarvoor spesifieke onderwyspersoneel verantwoordelik is (kyk 6.2.2.6).

## e. Gesinsvoorligting

Alhoewel die Skool vir Blindes trag om ouers voor te lig aangaan=de die opvoeding en onderrig van hul blinde kinders, lê die groot afstande wat ouerhuise van die skool geleë is, gesinsvoorligting aan bande.*

## f. Die verwysende aspek van voorligting

Wat betref die verwysende aspek van voorligting, met ander woorde wanneer bevind word dat 'n betrokke leerling deur meer uitgebrei=de en gespesialiseerde pedokliniese hulp bevoordeel sal word, is die Prinshofskool in die gelukkige situasie om in 'n stad geleë

---

*Die aktualiteit van gesinsvoorligting word in die hoofstuk aan=gaande residensiële skole bespreek; kyk paragraaf 10.3.5 en 10.4.4.

te wees waar gespesialiseerde hulp bekombaar is indien dit ver= lang sou word. Aan die Skool vir Blindes te Worcester is soda= nige gespesialiseerde hulp nie so geredelik beskikbaar nie. In= dien toereikender diagnosering en terapie verlang word, moet hulp van spesialiste in Kaapstad bekom word. Sodanige hulp word egter heel selde nodig geag.

### g. Die implementering van gedifferensieerde onderwys

Wat betref die doeltreffende implementering van gedifferensieerde onderwys is dit die taak van onderwysersielkundiges om te adviseer en hulp te verleen aangaande die volgende aangeleenthede:

1. Die oorplasing van leerlinge vanuit die voorbereidende klas na die aanvangsklas van die primêre afdeling;

2. die oorplasing van blinde kinders vanaf die Prinshofskool na standerd 1 aan die Skool vir Blindes;

3. die opname van leerlinge met 'n skolastiese agterstand of ander leerprobleme in 'n aanpassingsklas;

4. die uitplasing van verstandelik vertraagde leerlinge na 'n hulpklas;

5. die oorplasing van leerlinge vanuit veral Hulpklas 3 na die Vakafdeling met die oog op opleiding in 'n handvaardigheidsrig= ting;

6. kursuskeuse en verbandhoudende vakkeuse in die sekondêre afdeling, en

7. die oorplasing van leerlinge vanuit die sekondêre afdeling na die Beroepsafdeling vir spesifieke beroepsopleiding as voor= bereiding vir toetrede tot die ope arbeid (kyk 4.3.1).

## h. Beroepsvoorligting

Daar is gevind dat blinde leerlinge aan die einde van die primêre skool dikwels nie in staat is om 'n verantwoordbare vakkeuse met die gevolglike beroepsimplikasies, te maak nie en die onderwyser=sielkundiges is verplig om sterk leiding te gee. Beroepsvoorlig=ting word gegee in die lig van die persoonlike kennis wat van el=ke kind gedra word, asook van die gegewens op sy lêer (kyk 9.2.3.3 a). Dit is deel van die taak van onderwysersielkundiges om ondersoek in te stel na beroepsmoontlikhede vir blinde skool=verlaters. Elke beroepsplasing van 'n blinde skoolverlater is 'n persoonlike en indiwiduele plasing. As gevolg van die beperkte beroepsmoontlikhede* vir blindes is dit egter nie altyd moontlik om 'n beroep ooreenkomstig die belangstelling en moontlikhede van die leerling aan te beveel nie, aangesien die onderwysersielkun=dige hom noodwendig moet beperk tot die beroepe wat wel vir blindes toeganklik is (kyk bylae A, v. 6.1, 6.5, 6.8 en 6.10).

## i. Slotopmerking

In die lig van die wyse waarop die "Sielkundige en Voorligtings=diens" aan die Skool vir Blindes te Worcester funksioneer, kan gekonstateer word dat met inagneming van die beperkinge wat die meeste personeelvoorsieningskale noodwendig meebring en ten spyte van werklik doeltreffende toetse, tesame met die besondere eise wat bemoeienis met blinde kinders aan onderwysersielkundiges stel en die probleme wat geskep word as gevolg van die beperkte en beperkende beroepsmoontlikhede vir blindes, die diens geslaagd is.

---

*Om 'n evalueringsprogram en 'n beroepsvoorligtingprogram sinvol te maak, is dit nodig dat 'n wyer spektrum beroepe vir blindes toeganklik sal wees (vgl. Marais, 1975, p. 13). Beroepsmoontlik=hede vir blindes word in paragraaf 12.4 bespreek.

Leerlinge in sowel die primêre as die sekondêre afdelings word by die diens betrek en weens die organisatoriese en fisiese een= heid van hierdie twee afdelings aan die Skool vir Blindes word kontinuïteit met betrekking tot voorligting bevorder.

### 9.2.4 ASPEKTE VAN SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENSTE TEN BEHOE= WE VAN BLINDES IN ENKELE OORSESE LANDE

#### 9.2.4.1 Dienste wat aangebied word

In *Engeland* word blinde kinders met probleme ten aansien van hul *persoonstruktuur* oor die algemeen na kinderpsigiaters verwys. Ge= reelde besoeke deur kinderpsigiaters aan spesiale skole vir ge= sigsgestremdes vind by uitsondering plaas. Volgens die Vernonko= mitee (1972) wat ondersoek ingestel het na die onderwys van ge= sigsgestremdes in Engeland, is die oorgrote meerderheid van onder= wysers van gesigsgestremdes van mening dat die voorkoms van affek= tiewe onewewigtigheid onder hierdie kinders hoog is. Dit word onder andere toegeskryf aan oorbeskerming of verwerping deur die ouers, aan belewing van vrees en onsekerheid deur die kind as sy gesig met verloop van tyd verswak, asook aan die moontlikheid dat affektiewe onewewigtigheid in 'n mate noodwendig is weens die aard van die gestremdheid (pp. 17-18).

Aan *beroepsvoorligting en beroepspotensiaalevaluering* as diens word aan skole vir blindes in Engeland besondere aandag gegee. Sommige skole begin om die beroepstoekoms van leerlinge op veer= tien- of vyftienjarige ouderdom te oorweeg en vir hierdie doel word besprekingspanele saamgestel. Op hierdie panele dien by= voorbeeld die beroepsplasingbeampte ("careers officer") van die plaaslike owerheid, die skoolhoof, die onderwyser verantwoordelik vir beroepsvoorligting, die Blind Persons Resettlement Officer, die werkverskaffingsbeampte (Employment Officer) van die Royal National Institute for the Blind en die mediese beampte aan die

skool verbonde. Aan sommige skole word spesiale skoolverlaters=kursusse aangebied. Hierdie kursusse behels onder andere die vol=gende: Beroepsopleiding; proefonderhoude met werkgewers; die bespreking van salarisse, vakleerlingskappe en veiligheidsregula=sies; besoeke aan fabrieke; voorligting in verband met vrye=tydsbesteding en sosiale inskakeling in 'n siende gemeenskap. Verder bestaan daar twee naskoolse sentra vir beroepsvoorligting en beroepspotensiaalevaluering in Engeland, naamlik die Hethersett Centre te Reigate in Surrey en die Queen Alexandra College te Harborne in Birmingham. Een van die belangrikste doelstellinge van hierdie sentra is om die gaping tussen die skool en voortge=sette opleiding of beroepstoetrede vir die blinde skoolverlater te help oorbrug. Nadat blinde studente vir 2 tot 6 kwartale aan hierdie sentra vertoef het, word hulle vir indiensneming of verde=re gespesialiseerde opleiding aanbeveel (Great Britain, 1972, pp. 81-82).

Verskeie skole vir blindes in *België, Nederland en Italië* beskik oor psigologiese en ortopedagogiese hulpverleningsprogramme en daar is voltydse psigoloë en ortopedagoë aan sommige van hierdie skole verbonde. Aan 'n skool te Brugge in België word die uit=komste van evaluering en diagnosering met onderwysers en "opvoe=ders" in die koshuise en indien nodig, ook met ouers bespreek. Aan die skool te Zeist in Nederland vind daar elke drie maande 'n bespreking van individuele leerlinge tussen die onderwysers, groep=leiers in die koshuise (kyk 10.4.3.1) en die psigoloog plaas. Ook word kinders wat as probleemgevalle beskou word, elke week deur 'n paneel bestaande uit die psigoloog, hoof van die skool, maatskap=like werkers (kyk 5.2.2.2) en skooldokter bespreek (kyk bylae B, v. 1.16).

### 9.2.4.2 Toetse vir toepassing op blindes

#### a. Die aard van toetse vir toepassing op blindes

In Engeland, Duitsland en veral die Verenigde State van Amerika is reeds heelwat navorsing in verband met toetse vir toepassing op blindes gedoen. Onder andere is intelligensietoetse, aanleg= toetse, toetse vir die evaluering van sosialisering, handvaardig= heidstoetse, skolastiese prestasietoetse en persoonlikheids- en belangstellingsvraelyste ontwerp of vir blindes aangepas.*

Wat betref *intelligensietoetse* is die Williams Intelligence Test for Children with Defective Vision in 1956 aan die School of Education van die Universiteit van Birmingham in Engeland saam= gestel. Hierdie toets is vir alle gesigsgestremdes gestandaardi= seer en bestaan dus uit 'n enkele toetsskaal vir beide blinde en swaksiende kinders. Die toets het 'n oorwegend verbale inslag en het 'n goeie voorspellingsgeldigheid wat betref skolastiese prestasie. Die Intelligenztest für normalsichtige und sehgeschä= digte Kinder und Jugendliche (INS) is 'n verwerking van die Williams Intelligence Test wat gedurende 1970 in Dortmund saamge= stel is (Mommers en Smits, 1975, p. 166). In Duitsland is ook die hersiene Binet-Drummond-Strehleskaal vir Blindes en die HAWIK wat 'n Duitste hersiening van die Wechsler Intelligence Scale for Children (WISC) is, ontwikkel. Volgens Mommers en Smits (1975) het ondersoeke getoon dat dit geregverdig is om blindes se toets= resultate op die verbale WISC met dié van siendes te vergelyk (pp. 167-168). Aan die Personnel Research Center te Philadelphia in die Verenigde State van Amerika is ook navorsing in verband met intelligensietoetse vir blindes gedoen. Toetse wat in

*Bullard en Barrage (1971) het 'n reeks subtoetse van bestaande evalueringsinstrumente geselekteer vir toepassing op voorskoolse gesigsgestremde kinders (pp. 116-122).

ondersoeke gebruik is, is onder andere die Wechsler Adult In= telligence Scale (WAIS) en die Haptic Intelligence Scale (HIS) ontwerp deur Schurrager. Twee toetse vir blindes is aan die Purdue Universiteit deur Gruber en Jones ontwerp, naamlik die Tactual Reproduction Pegboard (TRP) wat van 'n kandidaat vereis om sekere patrone op 'n gaatjiesbord te kopieër, en die Vocatio= nal Industrial Scale for the Adult Blind (VISAB) wat vereis dat uit 'n aantal patrone wat in rye gerangskik is, die andersoorti= ge patroon geïdentifiseer moet word. Die HIS, TRP en VISAB word slegs op blindes bo die ouderdom van 16 jaar toegepas. Bauman van die Personnel Research Center te Philadelphia het die Non-language Learning Test ontwikkel wat op blinde kinders van tienja= rige ouderdom af toegepas kan word en wat vereis dat blokkies in 'n bord ingepas moet word (Bauman, 1967, pp. 54-59). Ten slotte het Davis gedurende 1970 die Perkins-Binet Tests of Intelligence for Blind Children (P-B) ontwikkel (Coveney, 1972, pp. 79-101).

Vir die evaluering van die *handvaardigheid* van die blinde persoon word onder andere van die Minnesota Rate of Manipulation Test ge= bruik gemaak. Die evaluering van handbewegings van gemiddelde kompleksiteit wat in besonder ook vingerbewegings vereis en waar met fyner materiaal gewerk word, word met behulp van die Penn Bi-Manual Assembly and Disassembly Test gedoen. Ook van die Small Parts Dexterity Screwdriver Test word gebruik gemaak - 'n toets waar met klein skroefies en 'n klein skroewedraaier gewerk word.

In die Verenigde State van Amerika word, wat betref *belangstel= lingsvraelyste*, hoofsaaklik van die Kuder Preference Record (Form BI) en die Strong Vocational Blank gebruik gemaak. Vir die evaluering van die *sosialisering* van die blinde kind, is die Maxfield-Buchholz Social Maturity Scale ontwerp. Die ontwerp van hierdie skaal is geïnspireer deur die Vineland Social Maturity Scale.

Op die spesifieke gebied van *persoonlikheidsevaluering* kan na die volgende vraelyste en toetse vir blindes verwys word. Bauman het die Adolescent Emotional Factors Inventory (AEFI) aan die Personnel Research Center te Philadelphia ontwerp. Die samestel= ling van hierdie vraelys het begin deur blinde persone self uit te vra oor oriënterings- en ander persoonlike probleme. Subskaal= tellings van die vraelys het betrekking op affektiewe sensitiwi= teit, fisiese simptome van gespannenheid, sosialisering, interper= soonlike verhoudinge en gesindhede teenoor blindheid. Verder het Chevigny en Braverman van die American Foundation for the Blind (AFB), die Auditory Projective Test, en Palacois, navorsingspsi= goloog aan die Veterans Administration Hospital te Marion in In= diana, die Sound Test ontwerp. Wat betref die Sound Test, word 'n aantal kort episodes aan die toetsling voorgehou. In sommige gevalle word episodes aan die toetsling vertel en in ander word klankkombinasies wat 'n gebeurtenis suggereer aan toetslinge voor= gespeel. Die toetsling word dan gevra om in die vorm van 'n ver= haal op elk van 'n reeks episodes te respondeer en die verhale word geïnterpreteer.

*Skolastiese prestasietoetse* was van die eerstes wat vir die ge= bruik met blinde kinders aangepas is en dit was 'n natuurlike uitvloeisel van die noodsaak om vas te stel of die onderwys van blinde kinders net so doeltreffend is as dié van normaalsiende kinders, en of blinde kinders tot dieselfde skolastiese presta= sies as normaalsiendes in staat is. Verskeie bekende prestasie= toetse is in braille beskikbaar. Die Stanford Achievement Test word byvoorbeeld gereeld in die Verenigde State van Amerika in hersiene vorm in braille beskikbaar gestel. Morris (1974) wys in hierdie verband daarop dat The 1973 Stanford Achievement Test Series as adapted for use by die Visually Handicapped deur Jovanovich vrygestel is (pp. 33-40).

Ten slotte is daar 'n aantal *aanlegtoetse* wat gebruik word. Onder hierdie groep is daar toetse vir die evaluering van onder andere praktiese en tegniese aanleg, verkoopsinsig en die moont= likheid om in 'n toesighoudende hoedanigheid op te tree. Die Modern Language Aptitude Test is aangepas vir toepassing op blin= de persone en word as 'n goeie maatstaf vir die bepaling van moontlike sukses by die studie van vreemde tale bevind. Ook die Scholastic Aptitude Test as 'n maatstaf vir die bepaling van moontlike sukses op die vlak van tersiêre onderwys, is in braille beskikbaar. 'n Moeiliker toets, die Miller Analogies Test, is ook in braille beskikbaar en word gebruik by die identifisering van potensiële universiteitstudente (Garbe, 1967, pp. 45-51; Williams, 1967, pp. 39-44; Bauman, 1967, pp. 60-68).

### b. Kardinale probleme wat met die daarstelling van toetse vir toepassing op blindes ondervind word

In die eerste plek word probleme ondervind om *toetse wat op normaalsiende kinders toegepas word* vir blinde kinders aan te pas. Aanpassing vereis dikwels 'n verandering van items (in= houd), prosedure van toepassing en tyd wat toegelaat word. Die aanpassing van bestaande toetse kan die toets dan ook sodanig verander dat die resultate nie meer as geldig beskou kan word nie. In hierdie verband wys Mommers en Smits (1975) daarop dat daar 'n groot behoefte bestaan aan toetse wat gebruik kan word om die pres= tasies van blinde en siende kinders te vergelyk (p. 165).

'n Aspek wat met bogenoemde verband hou en wat spesiale vermelding verdien, is die feit dat sommige van die items van toetse wat op siende kinders toegepas word, *gebaseer is op die veronderstelling dat die kind kan sien*, of oor "visuele geheue" beskik. Dit is in besonder die geval met items van byvoorbeeld belangstellingsvrae=

lyste. In hierdie verband is ook die gebruik van toetsmateriaal met 'n simboliese strekking problematies. Die siende kind het van jongs af met prente te doen en weet dat 'n prent 'n spesifie=ke voorwerp verbeeld. Indien 'n tekening van 'n vark aan 'n sien=de kind getoon sou word, sal hy redelik gou tot die besef kom dat die vark se stert byvoorbeeld weggelaat is. 'n Blinde kind mag moontlik nooit 'n speelgoedvark besit het nie, of 'n lewendige vark betas het nie. Indien hy wel 'n speelgoedvark gehad het, mag die grootte en massa daarvan, asook die materiaal waarvan dit ge=maak is, sodanig verskil van die model wat hy in 'n toetssituasie betas, dat hy moontlik nie eers besef dat hy 'n model van 'n vark betas nie.

Voorts is dit nie altyd moontlik om vir blindes en siendes die=selfde *tydsbeperkinge* by die toepassing van toetse te stel nie. Dit neem ongeveer driemaal soveel tyd in beslag om items in braille te lees as items in gewone druk. Ook vereis die taktuele eksplorasie van byvoorbeeld geometriese patrone meer tyd en groter ontwerpe as in die geval van visuele verkenning. Die normaalsiende kind kan toetsmateriaal in konkrete vorm met 'n oog=opslag waarneem, byvoorbeeld waar die inpas van blokkies en die samevoeging van skroewe en moere vereis word. Die blinde kind moet deur te tas, tussen die verskillende vorms, groottes en teksture van toetsmateriaal onderskei. In die reël moet dus meer tyd aan die blinde kind toegestaan word.

Die mees voor die hand liggende wyse om die probleem betreffende taktuele eksplorasie by evaluering uit te skakel, is om waar moont=lik, *toetsmateriaal verbaal aan blindes aan te bied.* Indien die toetsmateriaal egter in geskrewe vorm aan die siende kind aange=bied word, het die blinde kind steeds 'n agterstand. Waar byvoor=beeld 'n keuse tussen drie moontlikhede gemaak moet word, moet hierdie moontlikhede paraat deur die blinde onthou word voordat 'n

keuse gedoen kan word. Die blinde kind het dus die addisionele opgaaf om te onthou wat aan hom voorgehou word. Toetsmateriaal wat verbaal aangebied word, skakel egter wel die verskil in die brailleleesvermoë van blinde kinders uit.

Die evaluering van byvoorbeeld die verstandelike vermoë van die blinde kind, moet egter noodwendig ook deur middel van take ge=doen word wat taktuele onderskeiding en die manipulasie van voor=werpe deur die blinde vereis. Hierdie toetse kan dus nie *van die handvaardigheid en taktuele onderskeiding van die blinde leerling losgemaak word nie* en kan dan ook nie so duidelik tussen die in=telligensie van blindes differensieer nie.

Die gebruik van *groeptoetse* met blindes is 'n volgende aspek wat probleme oplewer. Indien die antwoorde in skrif of deur die rang=skikking van 'n konkrete simbool aangedui moet word, is daar altyd die gevaar van ordeningsprobleme. Dit kan gebeur dat die blinde leerling sy plek op die antwoordblad verloor of antwoorde op die verkeerde plek aandui en die response derhalwe heeltemal onbruik=baar is. Soms is dit ook nodig om deur observasie van indiwiduele leerlinge vas te stel of 'n ordeningsprobleem ondervind word.

Ten slotte moet daarop gewys word dat enige nuwe toetse vir blin=des, soos vir normaalsiendes, norme, volledige statistiese stu=dies van geldigheid en betroubaarheid, asook relevante interkorre=lasies vereis. Om hierin te slaag, moet toetse op 'n redelik groot groep persone toegepas word. Verskille tussen die gesigs=reste van braillekandidate, die aard en duurte van die onderwys wat verskillende blinde leerlinge ontvang het, asook die relatief klein aantal blinde kinders, bemoeilik pogings om 'n *groot genoeg "homogene" groep blinde kinders* as ondersoekgroep saam te stel (Brown, 1967, pp. 80-85; Mommers en Smits, 1975, p. 165 en 172; Nolan en Davis, 1967, pp. 86-92; Garbe, 1967, pp. 45-52).

c. Slotopmerkings

In die voorafgaande is in besonder gewys op die probleme wat on= dervind word om sekere aspekte van evaluering wat die blinde, in vergelyking met sy normaalsiende makker, in 'n ongunstige situasie plaas, uit te skakel. Daar moet egter op gewys word dat heelwat aspekte wat by sodanige evaluering as diskriminerend ten opsigte van die blinde kind beskou word, hom (die blinde) noodwendig ook in die lewens-cum beroepsituasie in 'n ongunstige situasie gaan plaas. Die evaluering van die blinde kind is nie 'n doel op sig= self nie, maar 'n poging om 'n beeld van sy moontlikhede te kry en in die lig daarvan sy inskakelingsmoontlikhede in die lewensi= tuasie, en in besonder in die wêreld van die siende volwassene te probeer bepaal. Genoemde aspekte wat probleme lewer by die daarstelling van evalueringsmedia kan dus in werklikheid slegs as diskriminerend teen die blinde beskou word indien die eise wat aan hom gestel word, as onredelik beskou kan word in die lig van wat van hom in 'n wêreld van siendes verwag word of verwag gaan word.

Ten spyte van die probleme wat met die daarstelling van toetse vir toepassing op blindes ondervind word, word daar wel in geslaag om die besondere moontlikhede en beperkthede van blindes te identifiseer. Op die bevraagtekening van die waarde van toetse wat op blinde kinders toegepas word, het Herbert Garbe, Direkteur van die Niedersachsiche Landesblindenanstalt te Hannover in Wes-Duitsland in 1967 soos volg geantwoord: *"Our tests enable us to rate the development of a blind or partially sighted child correctly by giving us precise knowledge on the special difficulties that blind people have to overcome in spe= cial tasks; as well as knowledge of the fields in which the blind may compete with, or even excel, the sighted. This certainly will help us to succeed in our endeavour for social and vocational*

*rehabilitation of the blind and of the partially sighted"* (pp. 51-52).

## 9.3 ONDERWYSHULPMIDDELDIENSTE AAN SKOLE VIR BLINDES

### 9.3.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

'n Verantwoorde standpunt is dat die onderwysgeleenthede wat aan die blinde kind gebied word, gelykwaardig moet wees aan dié wat tot die beskikking van sy siende eweknie gestel word. Aangesien braillekandidate glad nie of slegs in 'n geringe mate deur medium van die visuele tot kennisverowering kan kom, moet sorg gedra word dat die nodige onderwyshulpmiddels wat onderrig deur medium van die taktuele en ouditiewe moontlik maak, beskikbaar gestel word.

Om kennis vir die blinde kind toeganklik te maak, moet onder an= dere boeke vir hom beskikbaar wees. Die aktualiteit van die toe= ganklik van kennis deur gebruikmaking van boeke, word soos volg deur Dorner (1967) beklemtoon: *"Every education, especially the aquisition of knowledge, is ... possible - for a sighted person as well as for a blind person - by using books ... Therefore, culti= vation of the mind may be defined as 'education by means of books which leads to a further, more extensive use of books'. A person's standard of culture and education may be judged from his contact and relation to books"* (p. 170).

Die beskikbaarheid en gebruikmaking van onderwyshulpmiddels wat leer deur medium van die taktuele en ouditiewe moontlik maak en vergemaklik, hou direkte verband met die mate van sukses wat met die onderwys vir blindes behaal sal word.* In hierdie afdeling sal bandopnamedienste, literatuur in brailleskrif, biblioteke en enkele

*In paragraaf 2.3.9 is gewys op die noodsaaklikheid van "veraanskou= liking" in die leersituasie.

ander onderwyshulpmiddels ten behoewe van blinde leerlinge be= spreek word.

## 9.3.2 ONDERWYSHULPMIDDELDIENSTE AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

### 9.3.2.1 Bandopnamedienste

Aan die Skool vir Blindes te Worcester bestaan 'n ateljee vir die opname van literatuur wat voorgelees word op klankbaan. Die in= standhouding daarvan word deur die Departement van Nasionale Op= voeding gesubsidieer. 'n Tak van die diens is in 1969 op rekening van die Bestuur (kerklike beheerliggaam) in Kaapstad geopen. Aan= gesien die instandhouding en uitbreiding van die bandopnamediens 'n aansienlike finansiële ondersteuning noodsaak, is die aange= leentheid van voldoende fondse steeds 'n knelpunt.

Die produksie van literatuur op band sluit onder andere vakhand= boeke, ander vakliteratuur, voorgeskrewe verhalende lektuur, weeklikse nuusbriewe, artikels uit koerante, sekere Bybelboeke, kinderverhale en tydskrifartikels in. Volwasse blinde persone maak ook van die bandopnamediens van die Skool vir Blindes ge= bruik, aangesien die meesterband bewaar word en die duplikate deur die biblioteek vir algemene gebruik beskikbaar gestel word. 'n Opname wat aan die Skool vir Blindes gedoen is, het laat blyk dat literatuur op band al sterker as onderwyshulpmiddel na vore tree en in sekere opsigte die plek van brailleskrif inneem. Om voldoende, geskikte voorlesers (in besonder wat betref vaklite= ratuur) te bekom, blyk soms 'n probleem te wees, veral omdat die vakterminologie eers bemeester moet word.

Wat betref verdere uitbreiding aan die Skool vir Blindes, is daar 'n bedrag van R250 000 deur die Departement van Nasionale Opvoe= ding goedgekeur vir die oprigting van 'n nuwe gebouekompleks op

die nuwe terrein van die beoogde Afdeling vir Swaksiendes wat onder andere ook die brailledrukkery en bandopnamediens sal huisves (Skool vir Blindes, 1970a, p. 4). Hernieude koördinasie tussen braille- en bandproduksie word ook in die vooruitsig ge=stel.

Bandopnames wat aan die Skool vir Blindes opgeneem is, kan ook deur die Prinshofskool aangevra word. Uit die verkenningsbesoeke aan laasgenoemde skool het egter geblyk dat benodigde opnames nie altyd op gesette tye tot die beskikking van die Prinshofskool ge=stel kan word nie en dus nie altyd op 'n beplande wyse in die on=derwysprogram aldaar geïntegreer kan word nie. Die Prinshofskool is tans in die geleentheid om leesstof van band af op 6 kasette gelyktydig te dupliseer (Prinshofskool, 1969, p. 16; kyk bylae A, v. 8.1, 8.2 en 8.4).

### 9.3.2.2 Die produksie van literatuur in brailleskrif

Die brailledrukkery aan die Skool vir Blindes is aanvanklik daar=gestel om die skool van handboeke in brailleskrif te voorsien. Tans is dit steeds die drukkery se vernaamste taak, alhoewel heel=wat meer as slegs handboeke gedruk word en produksie nie slegs op gebruik deur die leerlinge van die skool gerig is nie.

Afgesien van skoolhandboeke word ook die volgende gebrailleer: Algemene letterkundige werke, ontspanningslektuur, naslaanwerke (byvoorbeeld woordeboeke), boeke vir algemene daaglikse gebruik (byvoorbeeld boeke oor huishoudkunde en kindersorg), handboeke vir blinde studente, almanakke, kerkprogramme, uittreksels uit telefoongidse, eksamenvraestelle, braillebladmusiek (vir eie gebruik en vir gebruik deur blinde orreliste en musiekonderwy=sers) en godsdienstige lektuur (byvoorbeeld katkisasieboeke en Bybelse dagboeke). Die Afrikaanse Bybel is ook in braille be=skikbaar, en Afrikaans is in der waarheid slegs een van ongeveer

ses tale ter wêreld waarin die Bybel volledig in braille beskik= baar is (Suid-Afrika, 1970b, p. 52). Voorts word Die Nuwe Pionier, 'n weekblad wat in brailleskrif deur die skool uitgegee word, landswyd versprei.

Sekere vakke soos Wiskunde en Natuurwetenskap lewer soms besonde= re probleme vir die brailleomsettingsprogram as gevolg van dia= gramme, tekeninge en nuwe simbole wat in die leerinhoud voorkom. 'n Verdere probleem is dat verkorte braille ongeveer 13 keer so= veel ruimte as gewone drukskrif beslaan. Een handboek beslaan dus dikwels verskeie lywige boekdele in braille. Veral vir die jonger leerlinge skep hierdie toedrag van sake probleme met na= slaanwerk en die vervoer van die boeke, met die gevolg dat slegs sekere gedeeltes van handboeke soms vir braillering geselekteer word om die omvang daarvan te verminder.

Kopieë van alle braillegeskrifte word in die skoolbiblioteek op= geneem. Voorts word boeke in braille verskaf aan die Suid-Afri= kaanse Biblioteek vir Blindes te Grahamstad; skole vir blindes wat onder die Departemente van Kleurlingonderwys, Bantoe-onderwys en Indiërsake ressorteer, asook vir private aankoop deur blinde persone (Skool vir Blindes, 1968d, p. 42). Die afdeling vir blinde leerlinge aan die Prinshofskool is ook hoofsaaklik van die Skool vir Blindes te Worcester vir die verskaffing van literatuur in braille afhanklik. Van die onderwyseresse skryf egter soms self ook kinderverhale en ander leesstof in braille oor vir ge= bruik deur die leerlinge (kyk Bylae A, v. 8.2 en 8.4).

### 9.3.2.3 Biblioteke

Die Skool vir Blindes beskik oor 'n voltydse bibliotekaris en 'n goed toegeruste biblioteek wat oor boeke in braille, gewone druk en grootdruk, asook oor boeke voorgelees op band beskik. Afge= sien van vak- en ontspanningsliteratuur vir leerlinge, beskik die

biblioteek oor 'n versameling vakliteratuur aangaande die opvoe=ding en onderwys van die blinde kind wat hoofsaaklik deur perso=neel geraadpleeg word.

Daar word nie aan die Skool vir Blindes te Worcester vir spesiale biblioteekperiodes voorsiening gemaak nie. Aangesien die oorgrote meerderheid van die leerlinge in die koshuise inwoon, is hulle in die geleentheid om in die middae boeke uit te neem en naslaanwerk te doen. Literatuur vir die substanderd A- tot standerd 2-leer=linge word deur onderwysers te Worcester in hul klaskamers in die vorm van klasbiblioteke gehuisves. Dit het die voordeel dat be=nodigde literatuur nie heen en weer vervoer hoef te word nie en onmiddellik tot die beskikking van leerlinge gestel kan word.

Die klaskamers van die blinde leerlinge in graad 1 en 2 aan die Prinshofskool beskik ook oor klein klasbiblioteke. Soos genoem, is die Prinshofskool in 'n groot mate van die Skool vir Blindes te Worcester vir literatuur in braille afhanklik. Aan die Prins=hofskool bestaan 'n permanente biblioteekkomitee wat onder andere aandag gee aan die inskakeling van biblioteekfasiliteite by die klaskameraktiwiteite, die geskikste biblioteektye en die doel=treffende funksionering van die bandopnamediens (kyk bylae A, v. 8.4).

### 9.3.2.4 Onderwyshulpmiddels vir taktuele verkenning

Blindheid werk beperkend en stremmend in op die werklikheidsoriën=tasie van die kind en daar bestaan 'n wesenlike gevaar dat hy 'n skewe beeld van die werklikheid sal vorm (kyk 2.3.9) en nie tot toereikende begrip van 'n gegewe situasie sal kom nie. Om te probeer verseker dat die blinde kind tot sinvolle interpretasie en suiwere begripsvorming sal kom, word onder andere van werklik=heidsgetroue modelle gebruik gemaak wat deur die kind betas kan word.

Aan die Skool vir Blindes te Worcester is 'n onderwyser, 'n on=derwyseres en 'n tegnikus, afgesien van hul gewone daaglikse take, vir die vervaardiging van hulpmiddels verantwoordelik. Deur mid=del van die "vacuum forming"-proses word driedimensionele landkaar=te en verwante onderwyshulpmiddels vervaardig, terwyl artikels ver=vaardig uit hout, gips en leer ook gebruik word (Suid-Afrika, 1970b, p. 55). Te Prinshof is die ambagsonderwyser ook vir die vervaar=diging van hulpmiddels verantwoordelik. Deur middel van skakeling met verskillende instansies wat hulpmiddels beskikbaar stel, asook met skole vir blindes in oorsese lande, bly die Skool vir Blindes te Worcester op hoogte met nuwe verwikkelinge op hierdie gebied. Afgesien van hulpmiddels vir taktuele verkenning is daar bandop=nemers, radio's, rekenborde, telrame en meetinstrumente met me=trieke mate in braille daarop aangebring, beskikbaar (kyk bylae A, v. 8.1 en 8.2).

Die toenemende gebruik van 'n verskeidenheid van hulpmiddels stel al hoër eise wat betref die beskikbaarstelling, produksie en die instandhouding daarvan. Die noodsaaklikheid van die aanstelling van personeel (in besonder van tegnici) aan skole vir blindes om in hierdie behoefte te voorsien, word daarom al sterker beklem=toon.

### 9.3.3 ASPEKTE VAN DIE ONDERWYSHULPMIDDELDIENSTE TEN BEHOEWE VAN BLINDE KINDERS IN ENKELE OORSESE LANDE

#### 9.3.3.1 Engeland

a. Die aangeleentheid van die beskikbaarstelling van literatuur in *braille* vir gebruik deur kinders in skole vir blindes in Enge=land word as 'n besondere probleem beskou. Daar word onder andere gewys op die hoë koste om literatuur in braille te druk; op die omvang van boeke in brailleskrif ('n klein woordeboek van

5" x 3½ x 1"-formaat beslaan 16 volumes in braille met afmetings van 10" x 13" x 28"); op die relatief min literatuur in braille in vergelyking met dié in gewone druk, en op die lang tydsverloop voordat boeke wel in braille beskikbaar gestel kan word. In 1972 het die Royal National Institute for the Blind in London 100 tot 150 titels in veelvuldige kopieë geproduseer en ongeveer 1 000 nu= we titels by die versameling in die Students' Braille Library ge= voeg. In vergelyking met voorafgaande kan genoem word dat nuwe uitgawes en titels van boeke in gewone druk 30 000 per jaar in Engeland beloop.

Van die literatuur in braille waarin daar 'n tekort is, is hand= boeke (veral op gevorderde vlak), naslaanwerke, boeke in vreemde tale, asook algemene ontspanningslektuur. Baie skole probeer om in hul tekorte te voorsien deur hulle eie literatuur in braille (afgesien van dié wat deur die Royal National Institute for the Blind verskaf word) met behulp van 'n "thermaform"-dupliseerder te produseer, terwyl ander van die hulp van persone in plaaslike gevangenisse gebruik maak vir die produsering van boeke in braille (Great Britain, 1972, pp. 68-69).

Die toename in die gebruik van bandopnames deur blindes, is ook in Engeland opmerklik. Oor die moontlikheid dat bandopnames die gebruik van literatuur in braille sal vervang, het die Vernonkomi= tee (1972) in Engeland hom soos volg uitgelaat: *"There is no doubt that children must continue to learn braille as a first priority. Talking books can never satisfactorily replaces braille versions of some books, including those to which children needs to make regular reference, such as dictionaries and standard text= books. Braille will also be needed for writing ..."* (p. 70).

Op sy beurt beklemtoon Dorner (1967) die vormende waarde van onder= rig deur medium van braille as hy beweer: *"But for the education of a blind child, even for the rehabilitation of a newly blind*

*person, braille has an essential educational value. This special educational efficiency cannot be replaced by the best tape recor= der"* (pp. 179-180).

b. Onderwyshulpmiddels wat leer deur medium van die *ouditiewe* moontlik maak en in skole vir blindes in Engeland beskikbaar is, is radio's, bandopnemers en grammofoonplate. Die Vernonkomitee (1972) in Engeland wys daarop dat uit ondersoeke gedoen in die Verenigde State van Amerika deur Morris en in Engeland deur Tobin geblyk het dat blinde leerlinge wat betref Sosiale Studie, Letter= kunde en Natuurwetenskap, heelwat doeltreffender leer deur gebruik= making van "spreekboeke" as met leerstof in brailleskrif. Dié Komitee beveel dan ook aan dat verdere navorsing oor die effekti= witeit van onderskeidelik braille en "spreekboeke" as media vir die onderrig van verskillende vakke aan kinders van uiteenlopende ouderdom en intelligensie gedoen moet word (pp. 70 en 105).

### 9.3.3.2 Wes-Duitsland

'n Besonder omvattende versameling boeke en ander literatuur in braille is in Wes-Duitsland beskikbaar. 'n Kort oorsig van die instansies wat boeke in braille produseer, gee 'n beeld van die omvattendheid van die literatuurvoorsiening aan blindes. Daar be= staan 7 brailledrukkerye wat hoofsaaklik diens aan skole vir blin= des lewer. Afgesien van die biblioteke aan skole is daar ook 6 openbare braillebiblioteke in die land wat oor ongeveer 145 000 boekdele in braille beskik. Vir kinders tussen ses- en tienjarige ouderdom bestaan daar 2 tydskrifte wat maandeliks in braille verskyn, terwyl daar vir kinders tussen elf- en vyftienjarige ouderdom 4 brailletydskrifte uitgegee word. Vir die volwasse blinde persoon bestaan daar 20 tydskrifte in braille wat weekliks, maandeliks, tweemaandeliks of driemaandeliks verskyn en waarvan die inhoud heeltemal uiteenlopend is. Aangeleenthede waaraan daar

in hierdie tydskrifte aandag gegee word, is onder andere politiek, godsdiens, die blinde vrou, vryetydsbesteding en beroepsaangeleent= hede. Ook die Reader's Digest word in braille gedruk. Braille= biblioteke aan sekondêre skole het handboeke in Engels, Frans, Italiaans, Latyn, Spaans en Grieks beskikbaar. Ook woordeboeke is benewens Engels in 'n verskeidenheid van vreemde tale in braille beskikbaar. Skole vir blindes in Wes-Duitsland moet die boeke wat hul nodig het, van brailledrukkerye koop. Alle skole ontvang vir hierdie doel finansiële ondersteuning van onderwys- en plaaslike owerhede (Dorner, 1967, pp. 171-176).

#### 9.3.3.3 Die Verenigde State van Amerika

In die VSA bestaan daar die Instructional Materials Reference Center for the Visually Handicapped (IMRC). Hierdie sentrum dien as 'n nasionale verwysingskantoor en bron vir hulpmiddels wat deur die gesigsgestremde kind benodig word (Lappin, 1972, p. 65).

### 9.3.4 SLOTOPMERKINGS

Die Skool vir Blindes te Worcester is in 'n benydenswaardige posi= sie om oor sy eie bandopnamediens en brailledrukkery te beskik. In vergelyking met die produksie van literatuur in braille in byvoorbeeld Wes-Duitsland is dié in die RSA betreklik klein. Die verskil in produksie moet uit die aard van die saak veral aan die groter aantal blinde persone in Wes-Duitsland toegeskryf word. Genoemde hoëre produksie impliseer egter dat in Wes-Duitsland, in vergelyking met die RSA, meer literatuur vir die indiwiduele blinde persoon toeganklik is.

Alhoewel steeds gepoog word, en gepoog moet word, om meer litera= tuur op band en in braille tot die beskikking van blindes te stel, is die agterstand van die blinde kind teenoor sy siende eweknie wat betref die toeganklikheid van vak- en algemene literatuur vanself=

sprekend onuitwisbaar.

## 9.4 MEDIESE EN PARAMEDIESE DIENSTE AAN SKOLE VIR BLINDES

### 9.4.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Waar skole vir blindes vir kinders met oogkondisies wat behande= ling vereis, voorsiening maak, is dit te begrype dat hulpverle= ning op mediese en paramediese vlak van groot belang geag word. Heelwat braillekandidate beskik oor gesigsreste wat vir hulle in sekere situasie van waarde mag wees, en dit is die verantwoorde= likheid van die skool (en in besonder van die residensiële skool) om deur die verskaffing van dienste op hierdie vlak te probeer verseker dat die kind die beste gebruik van sy oorblywende gesig sal kan maak. Voorts dui gegewens daarop dat daar 'n toename in die getal meervoudiggestremde blinde kinders is (kyk 1.2), wat die noodsaaklik van die voorsiening van sekere paramediese dienste al sterker beklemtoon. Mediese, oftalmologiese, optometriese, fisioterapeutiese, arbeidsterapeutiese en spraakterapeutiese dien= ste aan skole vir blindes sal dan in die onderhawige afdeling be= spreek word.

### 9.4.2 DIE SITUASIE AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

#### 9.4.2.1 Mediese dienste

Aan sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool hou 'n heel= tydse gekwalifiseerde verpleegsuster toesig oor die algemene ge= sondheid van die kinders. Dit is die taak van die verpleegsuster om onder andere noodhulp toe te dien, bedpasiënte in die koshuise te besoek, ligte siektetoestande te behandel, na-operatiewe tuis= verpleging te behartig, leerlinge na geneeshere, tandartse en an= der spesialiste te vergesel en gereeld kort verslae oor die

gesondheidstoestand van kinders aan hul ouers te skryf.

### 9.4.2.2 Oftalmologiese dienste

Die Skool vir Blindes en die Prinshofskool beskik oor die dienste van deeltydse oftalmoloë en in beide gevalle word die poste deur die Departement van Nasionale Opvoeding gefinansier. Een dag per week word 'n sekere tyd deur die oftalmoloog aan die skool deurge= bring wanneer leerlinge deur die personeel vir oogondersoeke na hom verwys word.

Aangesien braillekandidate, ongeag die mate van gesig waaroor hulle nog mag beskik, deur medium van die taktuele onderrig word, is die onderwysers in hul onderrigprogram nie werklik daarop gerig om braillekandidate te help om hul gesigsreste te benut nie. Die oftalmologiese diens is dan ook in 'n groot mate gerig op die visuele probleme van swaksiende kinders wat nog deur medium van hul gesig onderrig word. Braillekandidate word egter ook by die oogklinieke van die oftalmoloë betrek en die moontlikheid van ver= betering van visuele vermoë deur behandeling of operasies word be= paal, terwyl die inskakeling van optiese hulpmiddels geëvalueer word. In besonder word leerlinge met progressiewe oogkondisies by die weeklikse ondersoeke betrek en die oftalmoloog het 'n be= sondere verantwoordelikheid wat betref die aanbeveling of 'n kind na die afdeling vir blindes oorgeplaas behoort te word.*

Oogoperasies word aan die H.F. Verwoerd-hospitaal te Pretoria en die Groote Schuur-hospitaal te Kaapstad uitgevoer en enkele suk= sesvolle horingvliesoorplantings is reeds gedoen. Die Hoof van die Departement Oogheelkunde aan die Universiteit van Kaapstad

---

*Die taak van die oftalmoloog met betrekking tot die toelating van gesigsgestremde kinders as braillekandidate is in paragraaf 5.3.1.1 bespreek.

maak van die oogkliniek aan die Skool vir Blindes te Worcester gebruik om, vergesel van studente, elke 14 dae 'n aantal kinders te ondersoek, samesprekings te hou met die oftalmoloog en die personeel van die skool, aanbevelings in verband met aangewese behandeling te doen en in die algemeen oogheelkundige navorsing te behartig (kyk bylae A, v. 3.1(e) en 8.6; Suid-Afrika, 1970b, p. 49).

Die reëling dat 'n oftalmoloog vir 'n sekere tydperk elke week tot die beskikking van die skool is en in 'n goed toegeruste kli= niek aan die skool self werksaam is, stel hom in die geleentheid om hom ten opsigte van die skool as opvoedings- en onderwysinrig= ting te oriënteer, om die didaktiese implikasies van die oogkondi= sies van gesigsgestremde kinders te besef en dit in sy aanbeveling met betrekking tot die oorplasing van leerlinge in ag te neem, asook om kontinuïteit aan sy werksaamhede te verleen.

### 9.4.2.3 Optometriese dienste

Optometriese dienste wat gelewer word, is daarop gerig om gesigs= gestremde kinders te help om beter gebruik van hul gesig te maak. Aan die Prinshofskool word hierdie diens deur studente in Optome= trie van die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese On= derwys in Johannesburg as deel van hul opleiding gelewer. Die diens behels onder andere die stimulering van die retina, die in= skakeling van die elektroretinograaf, die regstel van refraksie= probleme en die toets van lense van optiese hulpmiddels. Indien leerlinge van die Skool vir Blindes optometriese dienste benodig, word hulle deur die verpleegsuster na spesialiste in Kaapstad vergesel (kyk bylae A, v. 8.6).

Die diens wat deur studente aan die Prinshofskool gelewer word, is uit 'n oogkundige oogpunt beskou besonder waardevol. Daar moet egter gewaarsku word teen die moontlikheid dat die opleidingsaspek

die feit dat hulle met 'n gesigsgestremde *kind* te make het, mag verdring. Waar hierdie diens deur jeugdige studente gelewer word wat nie pedagogies onderleg en/of selfs ouers is nie, is die ge= vaar van pedagogies onverantwoorde optrede wel wesenlik.

Optometriese dienste is in die eerste plek op die behoefte van swaksiende leerlinge wat in die klaskamersituasie op hul gesig aangewys is, toegespits. Dit is egter van die grootste belang dat ook braillekandidate by optometriese dienste ingeskakel sal word, aangesien hul gesigsreste vir hulle in sekere situasies tog van waarde mag wees (kyk 6.3.1.1).

### 9.4.2.4 Fisioterapeutiese dienste

Aan die Skool vir Blindes is in 1969 'n pos van fisioterapeut geskep, veral vanweë die feit dat 'n ruim aantal leerlinge met liggaamlike gebreke, postuurprobleme, spastiese toestande en 'n mate van serebrale verlamming hulle aan dié skool bevind. Die taak van die fisioterapeut is egter nie slegs fisioterapeutiese behandeling van bogenoemde leerlinge nie, maar ook die bevorde= ring van vrye, natuurlike beweging by die groter aantal leerlinge wat daarby kan baat. Leerlinge aan die Prinshofskool wat fisio= terapeutiese behandeling nodig het, word volgens behoefte by so= danige diens aan 'n nabygeleë skool vir serebraalverlamde kinders ingeskakel. Enkele leerlinge het probleme ten opsigte van spier= kontrole en hand-oogkoördinasie en 'n deeltydse arbeidsterapeut van die H.F. Verwoerd-hospitaal lewer hierdie diens aan leerlinge by die skool.

Daar is gewys op getuienis met betrekking tot die toename in die getal meervoudiggestremde blinde kinders (kyk 1.2). In die lig hiervan sal die noodsaaklikheid van die voorsiening van sekere paramediese dienste aan skole vir blindes al sterker op die voor= grond tree.

#### 9.4.2.5 Spraakterapeutiese dienste

Aan die Prinshofskool word ook vir die voorsiening van spraaktera= peutiese dienste voorsiening gemaak. Kinders leer nie slegs deur middel van gehoor praat nie, maar onder andere ook met behulp van hul gesig. Gesigsuitdrukkinge, tongstand en lipvorming word deur die kind gesien en deur hom herhaal. Sodanige hulp met die leer van spraak is nie vir die blinde kind moontlik nie. Spraaktera= pie aan die Prinshofskool word op deeltydse basis deur finalejaar= studente van die Universiteit van Pretoria aangebied. Ook aan die Skool vir Blindes te Worcester is daar leerlinge wat probleme met spraak ondervind en spraakterapie ontvang. Onderwysersielkundi= ges en die personeel in die Afdeling vir Doofblindes wat in spraakterapeutiese metodes onderlê is, word by spraakterapie aan blinde leerlinge betrek. Dit het ook reeds gebeur dat 'n spraak= terapeut wat te Worcester woonagtig was, by hierdie diens aan leerlinge ingeskakel is, terwyl die Bestuur die koste van die diens gedra het (kyk bylae A, v. 8.6; Suid-Afrika, 1970b, pp. 49 en 71).

### 9.4.3 ASPEKTE VAN DIE SITUASIE AAN SKOLE VIR BLINDES IN SEKERE OORSESE LANDE

Mediese en paramediese dienste aan kleuterskole en skole vir blin= des in *Engeland* word ooreenkomstig 'n nasionale gesondheidsdiens (National Health Service) voorsien. Hierdie dienste sluit gereel= de ondersoeke deur die skooldokter, of 'n oftalmoloog en tandarts in, asook verpleging deur die huismoederpersoneel en periodieke besoeke deur 'n ortopediese spesialis. Spesiale optiese hulpmid= dels deur die oftalmoloog aanbeveel, word op 'n uitleenbasis deur die Departement van Gesondheid verskaf, terwyl terapeutiese oefe= ninge deur die ortopediese spesialis aanbeveel, deur 'n fisiote= rapeut behartig word. Verder word die dienste van ander spesialis= te wat benodig word, beskikbaar gestel (RNIB, 1971c, pp. 6-7 en

1971h, p. 4).

Ook aan skole vir blindes in *Nederland en België* word mediese en paramediese dienste verskaf. In hierdie verband noem die Direk= teur van die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel (België) dat in die lig van die toenemende ge= tal meervoudiggestremde blinde kinders, die voorsiening van medie= se en paramediese dienste in 'n groter mate ook op die behoeftes van hierdie kinders toegespits behoort te word. Hy bepleit dan ook 'n ruimer inskakeling van 'n arbeidsterapeut ("ergotherapeut") en 'n bewegingsterapeut ("kinesist") (kyk bylae B, v. 4.8).

## 9.5 SAMEVATTING

### 9.5.1 SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENSTE

Die doel met 'n sielkundige en voorligtingsdiens is om leerlinge in die lig van hul persoonstruktuur oor onderwys- en beroepsaange= leenthede voor te lig. Hierdie voorligting is daarop toegespits om te verseker dat leerlinge ooreenkomstig hul bekwaamheid, aan= leg en belangstelling en die mannekragbehoeftes van die land on= derwys sal ontvang. Dit is dus van kardinale belang dat die be= sondere probleemsituasie van die blinde kind - sy moontlikhede en beperkthede in die lig van die lewenswerklikheid waarop hy voor= berei word - in ag geneem sal word. Voorligting wat in bogenoemde verband verskaf word, is inligtend, raadgewend, beslissend en verwysend van aard.

Die omvang van die Sielkundige en Voorligtingsdiens aan die Skool vir Blindes te Worcester, en in besonder die pogings om 'n beeld van die "totale kind" saam te stel, is indrukwekkend. Alhoewel verskillende toetse aan die skool beskikbaar is en gebruik word, is daar uiters min wat werklik met vertroue toegepas kan word. Ten spyte van tekortkominge is dié wat gebruik word wel van

waarde, aangesien die inskakeling daarvan tog meer lig werp op die moontlikhede en beperkthede van die blinde kind.

Verskeie skole vir blindes in oorsese lande beskik oor beroepsvoor=ligtingsprogramme, asook psigologiese en ortopedagogiese hulpver=leningsprogramme. Vele probleme word ondervind met die daarstel=ling van toetse vir gebruik met blindes, veral waar dit gaan om die gebruik van toetse wat primêr vir siendes ontwikkel is.

### 9.5.2 ONDERWYSHULPMIDDELDIENSTE

'n Verantwoorde standpunt is dat die onderwysgeleenthede wat aan die blinde kind gebied word, gelykwaardig moet wees aan dié wat tot die beskikking van sy siende eweknie gestel word. Daarom moet sorg gedra word dat die nodige onderwyshulpmiddels wat onderrig deur medium van die taktuele en ouditiewe moontlik maak, beskik=baar gestel word. Die Skool vir Blindes te Worcester is in die benydenswaardige posisie om oor sy eie bandopnamediens en braille=drukkery te beskik. Ook word werklikheidsgetroue modelle vervaar=dig wat deur die blinde kind betas kan word en hom in staat stel om tot sinvolle interpretasie en suiwere begripsvorming te kom.

Aan skole vir blindes in Engeland en Wes-Duitsland word besondere pogings aangewend om te verseker dat voldoende literatuur in braille en op band tot die beskikking van leerlinge gestel word. Alhoewel die gebruik van bandopnames toeneem, word besondere klem op die vormende waarde van die bemeestering van braille en die noodsaaklikheid van literatuur in braille vir naslaandoelein=des gelê.

### 9.5.3 MEDIESE EN PARAMEDIESE DIENSTE

Waar skole vir blindes vir kinders met oogkondisies wat behande=ling vereis, voorsiening maak, is dit te begrype dat hulpverlening

op mediese en paramediese vlak van groot belang is. Gegewens dui ook daarop dat daar 'n toename in die getal meervoudiggestremde blinde kinders is wat die noodsaaklikheid van die voorsiening van sekere paramediese dienste al sterker beklemtoon. Aan die Skool vir Blindes te Worcester en die Prinshofskool word dan ook mediese, oftalmologiese, optometriese, fisioterapeutiese en spraakterapeutiese dienste aangebied.